## Kitsinligting: NWU Honneurs Beursskema 2024

Die webadres vir aansoekvorms: http://studies.nwu.ac.za/af/studies/beurse-en-lenings

Die doel van die NWU Nagraadse Beursskema is om finansiële ondersteuning te bied aan nagraadse studente en om erkenning te verleen aan studente wat op akademiese gebied presteer. Die NWU Nagraadse Beursskema is in lyn met die strategiese doelwitte van die Universiteit soos in die Institusionele Plan uiteengesit.

**NB**: Slegs elektroniese aanlyn aansoeke

## A: NWU Honneursbeurs sluitingsdatum: 31 Maart 2024

Voorwaardes van die beurs:

1. Studente kan aansoek doen op die voogeskrewe aansoekvorm (op die beurse webblad) voor of op 31 Maart 2024.
2. Die beurs geld slegs vir een (1) jaar. Die beurshouer moet die Honneurs graad binne 'n **grasietydperk van een (1) jaar** voltooi.
3. R24,000.00 per jaar word toegeken aan voltyds geregistreerde studente vir Skaars kursusse en Nie-skaars kursusse. **Neem kennis dat die minimum gemiddeld om te kwalifiseer vir die Honeursbeurs vir Skaars kursusse en Nie-skaars kursusse verskil.**
4. Die beurs is slegs beskikbaar aan studente wat vir 'n kwalifiserende voorgeskrewe Honneurs graad registreer (Nagraadse diplomas en NGOS ingesluit). **Deeltydse en geleentheid studente asook werkende studente kwalifiseer nie.** Werkende studente word omskryf as studente wat vir 'n werkgewer werk, 'n salaris verdien en waarvan werk die hoofaktiwiteit is.
5. **Studente vanaf ander Universiteite** moet 'n akademiese rekord van die vorafgaande kwalifiserende graad aanheg vir berekening van die gemiddelde persentasie. Sertifikate alleenlik is nie geldig nie.
6. Studente wat beurse ontvang van Statutêre Rade bv. die "National Research Foundation **(NRF)**", **SETA** en ander buite instansies mag aansoek doen vir 'n aanvullende Honneurs Beurse aangevul tot en met die **maksimum bedrag van R188,00**. Die Universiteit behou die reg voor om die Honneurs beurs te kanselleer of aan te pas tot en met die perk van **R188,000**.
7. **Die beursbedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die onderstaande voorwaardes nie nakom nie**:
   7.1 Studies staak, of
   7.2 Nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie.
8. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander of aan te pas sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
9. Laat aansoeke sal slegs aanvaar word met 'n skriftelike toestemming vanaf die Fakulteit. *Dien aansoekvorms so vroeg moontlik in vir tydige verwerking*.
10. Onvoltooide aansoekvorms is ongeldig.

*Die volgende beurse word toegeken:*

### Skaars vaardigheidskursusse

Om te kwalifiseer, moet aansoekers 'n **minimum gemiddeld van 65%** in die finale jaar modules van die voorafgaande, kwalifiserende graad behaal het.

| **GEÏDENTIFISEERDE SKAARS VAARDIGHEIDSKURSUSSE = BCom en BSc** | | |
|---|---|---|
| Aktuariële Studies | Fisiese Wetenskappe | Ouditeuring |
| Aptekerswese | Gesondheidswetenskappe | Rekeningkunde |
| Argitektuur | Geologie | Rekenaarswetenskappe |
| Biotegnologie | Inligtingstegnologie | Risikobestuur |
| Chemiese Wetenskappe | Ingenieurswetenskappe | Statistieke |
| Ekonomie | Landbouwetenskappe | Vervoerstudies |
| Elektronika | Logistieke Wetenskappe | Wiskundige Wetenskappe |
| Finansiële Bestuur | Natuurwetenskappe | |
| **Sien BCom en BSc nie-skaars uitsonderings by onderstaande tabel** | | |

**Nie-skaarsvaardigheidskursusse**

Om te kwalifiseer, moet aansoekers 'n **minimum gemiddeld van 70%** in die finale jaar modules van die voorafgaande, kwalifiserende graadkursus behaal het.

| GEIDENTIFISEERDE NIE-SKAARS VAARDIGHEIDSKURSUSSE | |
|---|---|
| **Graad** | **Vakgebied** |
| **BA, BEd, BTh** | Alle vakgebiede |
| **BCom** | Arbeidsverhoudinge / Bedryfsielkunde / Bestuur / Ekonomie & Kommunikasie / Entrepreneurs / Finansiële Besigheid / Industriële Psigologie / Internasionale Handel / Joernalistiek / Kommunikasie / Mensehulpbronbestuur / Politieke Studies / Populasie Studies / Regte / Sosiale Studies / Sosiologie |
| **BSc** | Verbruikerswetenskappe |
| **Diplomas en Sertifikate** | Bestuur, Kernwetenskap & Tegnologie, Onderwys, Ramprisiko |

## B: NWU Nagraadse Akademiese Merietebeurs sluitingsdatum: 30 April 2024

Die NWU Nagraadse Akademiese Meriete Beurs is aanvullend tot alle nagraadse beurse en word op grond van goeie akademiese prestasie toegeken. Die NWU Nagraadse Beursskema en die NWU Nagraadse Cum Laude Merietebeurs is **TWEE afsonderlike** beurse met elk 'n eie aansoekvorm.

**R5 000 vir student met 'n minimum gemiddeld van 75%**

**Elektroniese aansoek:**

- **NWU studente doen nie elektronies aansoek nie.** Die beurs word outomaties toegeken aan studente wat aan die kondisies voldoen soos uiteengesit.
- **Slegs studente vanaf ander Universiteite MOET aanlyn aansoek doen.** Hierdie studente moet die akademiese rekord van die voorafgaande kwalifiserende graad aanheg.

**Beursvoorwaardes**

**Voltydse en Deeltydse studente kan aansoek doen**:

1. Die beurs word as volg toegeken:
   1.1 Om te kwalifiseer, moet applikante die voorafgaande kwalifiserende graad met 'n gemiddeld van **75% (Cum Laude)** slaag.
   1.2 Beurshouers moet die nagraadse kursus binne die minimum grasietydperk, soos vasgestel deur die NWU Nagraadse beursskema, voltooi.
2. Die beurs is slegs beskikbaar aan studente wat vir 'n **eerste,** voorgeskrewe Honneurs graad of nagraadse kursus registreer. Studente wat as 'n geleentheid student registreer, kwalifiseer nie.
3. Die beurs word **slegs eenmalig in die eerste jaar** van die nagraadse kursus toegeken.
4. Die Akademiese Meriete Beurs vir:
   4.1 Geregistreerde **NWU-studente** word jaarliks outomaties bereken en toegeken. Geen aansoekvorm word ingevul nie.
   4.2 **Studente vanaf ander Universiteite** word nie outomaties bereken nie. Hierdie studente moet dus aansoek doen op die voorgeskrewe aansoekvorm (op die beurs webblad) en die **voorafgaande kwalifiserende rekord aanheg** voor of op die sluitingsdatum soos gespesifiseer. Sertifikate alleenlik is nie geldig nie.
5. Die beursbedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die voorwaardes nie nakom nie :
   5.1 Studies staak, of
   5.2 Nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie.
6. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
7. Laat aansoeke sal slegs me 'n skriftelike aanbeveling van die Fakulteit aanvaar word. *Dien aansoekvorms so vroeg moontlik in vir tydige verwerking.*
8. Onvolledige aansoekvorms is ongeldig.

2

| Rig beursnavrae aan u kampus van registrasie: | | |
|---|---|---|
| **Mahikengkampus**<br>Navraagkantoor<br>Tel: 018 389 2516/2646/2372/2410<br>E-pos:<br>MC-PostGradBurs@nwu.ac.za | **Potchefstroomkampus**<br>Navraagkantoor<br>Tel: 018 299 2666/7/8<br>E-pos:<br>PC-stydyfees@nwu.ac.za | **Vanderbiljparkkampus**<br>Navraagkantoor<br>Tel: 016 910 3157/3134<br>E-pos:<br>VC-PostGradBurs@nwu.ac.za |
| Gebou A1<br>Kamer G18 & G22 | Gebou F1, Grondvloer.<br>Studentegeld en Beurse<br>NAVRAE TOONBANKE 6-12 | Gebou A1 |